Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

[redacted]

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2010

# GESKIEDENIS − VRAESTEL 1

# ADDENDUM

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

Hierdie addendum bestaan uit 8 bladsye.

## VRAAG 1: WAT WAS STALIN SE EKONOMIESE BELEIDSRIGTINGS EN TOT WATTER MATE HET HY 'N SOSIALISTIESE MODEL GEVOLG?

### BRON 1A

**Sosialisme in Een Land, is die naam wat deur Stalin gegee is aan die proses om Rusland te ontwikkel in 'n sosialistiese staat wat die kapitalistiese wêreld kon weerstaan. Dit het die beleid van kollektivisering van die landbou en vinnige industrialisering ingesluit.**

**Stalin het die volgende redes verskaf vir Sosialisme in Een Land:**

"Ons moet die USSR verander van 'n swak landelike land, afhanklik van die giere (nukke) van wêreld kapitalisme… sonder genade die kapitalistiese elemente uitdryf, die front vir ekonomiese hervormings van ons ekonomie verbreed en die ekonomiese basis skep om ontslae te raak van klasse in die USSR, en die skepping van 'n sosialistiese staat… 'n industrie in ons land skep wat in staat is om nie net ons hele ekonomie te herskep en te organiseer nie maar ook ons vervoer en landbou op 'n sosialistiese basis…"

Hy het verder gesê:
"Ons is vyftig tot 'n honderd jaar agter die ontwikkelde kapitalistiese lande. Ons moet hierdie agterstand in 10 jaar inhaal. As ons dit nie doen, sal ons vernietig word."

**Bron: *Shuters History*, Grade 11, bls.136**

### BRON 1B

**Stalin se optrede teen weerstand van sy planne was genadeloos.
Hier is twee verskillende standpunte oor kollektivisering:**

**Standpunt 1**:
Stalin het die plattelandse weerstand op tipiese wyse teegestaan. Eerstens het hy maatreëls getref wat selfs vir hom drakonies was. Miljoene kleinboere is na verafgeleë gebiede weggestuur. Dorpe in die Oekraïne, Noord Kaukasië en ander gebiede het geheel en al ontvolk. Die genadeloosheid het die alternatief duidelik uitgespel: sluit aan by gemeenskaplike plase of gaan Siberië toe.

***(Uit Louis Fisher: The Life and Death of Stalin)***

**Standpunt 2:**
In die Sowjetunie is die parasitiese klasse van kapitaliste, landhere en koelakke geheel en al gelikwideer en so is die uitbuiting van mense deur mense hopelik vir ewig beëindig. Die hele nasionale ekonomie het sosialisties geword en (ons) is besig om die toestand vir 'n oorgang van sosialisme na kommunisme voor te berei.

***(Pravda, 4 April 1936)***

**Bron:** ***Geskiedenis, Graad 11*, Hugo,P, bls.94**

**BRON 1C**

**In 1928 het ’n rykman, die 5 jaarplan, leedvermakerig, ’n ‘fantastic dream’(‘fantastiese droom’) genoem. In 1933 is hy kwaad, omdat hy verkeerd bewys is.**




**Bron: *Stalin’s Russia, 1924 − 39*, Tamara Pimlott bls. 23.**

## VRAAG 2: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE GROOT DEPRESSIE OP DIE AMERIKAANSE MENSE?

### BRON 2A

**Ben Isaacs, ’n suksesvolle klere verkoopsman, voor die ineenstorting, onthou hoe hy alles verloor het toe baie van die banke gesluit het:**

Baie banke het oornag gesluit. Ons het alles verloor. Daar was tye toe ek vier, vyf honderd dollars ’n week kollekteer het. Daarna kon ek nie eers vyftien, tien dollars ’n week kollekteer nie. Ek het rondgegaan en probeer om genoeg geld te kollekteer om my familie aan die gang te hou. Dit was onmoontlik. Baie min mense kon jou betaal. Daarna kon ek nie die huur betaal nie. Ek het ’n klein motortjie gehad, maar kon nie die lisensie betaal nie… Ek het dit vir $15 dollar verkoop, om kos vir my familie te koop.

**Bron: *New Africa History*, Frick, N. bls.88**

### BRON 2B

**Hierdie spotprent in 1932 wys ’n man wat al sy spaargeld verloor het, as gevolg van die mislukkings van die banke.**



**Source:** ***In Search of History*, Bottaro, J. bls.101**

**BRON 2C**

**Diane Morgan, wie se vader ʼn ryk katoenhandelaar en die eienaar van ʼn algemene winkel was, voor hy bankrot geraak het, beskryf sekere veranderinge in haar lewe:**

| |
|---|
| Ek het huis toe gekom (van kollege) vir Kersfees. Ek het die telefoon afgesluit gevind. Ek het toe besef dat dinge uitmekaar val… Verbeel jou, ons sonder ʼn telefoon! Nadat ek skool voltooi het, het ons nie meer ʼn kok gehad nie. Ek het stof onder die bed gesien, iets wat ek nooit voorheen gesien het nie. Ek het geweet dat die gordyne nie meer so skoon as voorheen was nie. Dinge het begin om ʼn bietjie slordig te lyk … |

**Bron:** ***New Africa History*, Frick, N. bls.88**

**BRON 2D**

**Clifford Burke beskryf hoe die uitbreek van die Groot Depressie nie regtig ʼn groot verandering in sy lewe gemaak het nie:**

| |
|---|
| Die Neger was gebore in depressie. Die Groot Depressie soos wat jy dit noem, het nie baie vir hom beteken nie. Daar was nie so iets nie. Die beste wat hy kon wees, was ʼn deurwagter, of ʼn portier of ʼn skoenpoetser. Dit het slegs amptelik geword toe dit die witman raak. |

**Bron:** ***New Africa History*, Frick, N. bls.88**

**VRAAG 3: HOE HET DIE STANDPUNTE VAN DIE AFRIKANISTE DIE AARD VAN AFRIKA-NASIONALISME GEDURENDE DIE 1940's BEÏNVLOED?**

**BRON 3A**

**Anton Muziwakhe Lembede was die eerste president van die ANC Jeugliga. Hierdie is 'n deel van 'n stuk wat hy geskryf het vir die *Inkundia ya Bantu* met die titel *'Africa is a blackman's country'* waarin hy sy siening oor Afrika-nasionalisme weergee.**



"Afrikane is die boorlinge van Afrika, en hulle het Afrika, hulle Moederland, sedert die vroegste tye bewoon, Afrika behoort aan hulle. Afrikane is een. Uit die heterogene stamme moet daar 'n homogene nasie na vore kom. Die basis van nasionale eenheid is die nasionalistiese gevoel van die Afrikane, die gevoel om 'n Afrikaan te wees, ongeag stamverwantskap, sosiale status, opvoedkundige bekwaamheid of ekonomiese klas."

**Bron: *Making History*, Deftereos, R. bls.206**

## BRON 3B

**Mandela gee ’n verklaring oor Lembede se geloof in die filosofie van Afrikanisme:**



‘Lembede het gesê dat Afrika die swartman se kontinent is, en dit was vir swartes om hulself te bewys en terug te eis wat regmatig aan hulle behoort. Hy het die idee van swart minderwaardigheidskompleks gehaat en het die aanbidding en idealisering van die Weste en hul idees gestriem. Hy het herbeklemtoon dat minderwaardigheidskompleks die grootste struikelblok tot bevryding was. Hy het opgelet dat wanneer swartes die geleentheid gegee word, hier het hy swart helde soos Marcus Garvey, W.E.B. Du Bois en Haile Sealasie aangehaal, die vermoë het, om net soos die witman te ontwikkel. “Die kleur van my vel is mooi”, het hy gesê, net soos die swart grond van Moeder Afrika”. Hy het geglo dat swartes hul eie selfbeeld moes verbeter voordat hulle kon begin met suksesvolle massa-aksie. Hy het selfonderhoud en selfbeskikking verkondig wat hy genoem het, die filosofie van ‘Afrikanisme’.

**Bron: *Making History*, Deftereos, R. bls.206**

**BRON 3C**

**Hierdie is deel van ŉ onderhoud met Dan Thloome, ŉ stigterslid van die ANC Jeugliga.**

'Op die tydstip wat ek die eerste keer aangesluit het, het ek gevind dat die ANC ŉ organisasie was wat bestaan het uit onderwysers, intellektuele, kerklikes – al die elite van die swart samelewing. Jongmense was nie baie geïnteresseerd in die ANC nie. Hulle het gevoel dit was ŉ organisasie van ouer mense. Gevolglik het die ANC nooit progressief geword nie, want in die verlede het die ouer mense geglo aan betogings, versoening met die owerheid en so aan. Hulle was nie baie geïnteresseerd in aksie teen die regering nie.

My begrip van nierassigheid verskil heeltemal van baie mense wat dink dat dit ŉ kwessie tussen wit en swart is. My benadering tot die hele ding kom neer op ŉ kwessie van winste. Dit is die ekonomiese motief wat ŉ mens in berekening moet bring. Mense praat oor rassisme, maar ek is nie soseer daaroor bekommerd nie – ek is bekommerd oor die motief daarvan.'

**Bron: *Making History,* Deftereos, R. bls.207**

**BRON 3D**

**Die ideologie van Afrikanisme het gedurende die 1940's sy uitdrukking gevind binne die ANC Jeugliga... (hulle) was die dryfkrag agter die verandering van die ANC van ŉ gematigde, elite organisasie tot ŉ massabeweging vir nasionale bevryding.**

**PROGRAM VAN AKSIE: Beleidsverklaring aangeneem deur die ANC, tydens hul Jaarlikse Kongres, 17 Desember 1949.**

Die fundamentele beginsels van die Program van Aksie, van die African National Congress is aangespoor deur die begeerte vir nasionale vryheid. Met nasionale vryheid bedoel ons, vry van blanke oorheersing en die verkryging van politieke onafhanklikheid. Dit beteken die verwerping van segregasie, apartheid, voogdyskap of wit leierskap wat op een of ander manier gemotiveer is deur die idee van blanke oorheersing of oorheersing van blankes oor swartes. Net soos alle mense eis swart mense die reg tot selfbeskikking…
Kongres besef dat mense uiteindelik saamgebring sou word deur geïnspirerende leierskap met moed en vasberadenheid, onder die vaandel van Afrika nasionalisme.

**Bron: *Turning Points in History*, Mohamed Adhikari, bls.4**

## ERKENNING

Visuele bronne en ander historiese artikels is uit die volgende publikasies geneem:

Bartels, J. et al, Shuters *History, Grade 11* (Shuter & Shuters Publishers) 2006
Bottaro, J. et al, Oxford, *In Search of History*, Grade 11 (Oxford University Press) 2006
Deftereos, R. et al, *Making History*, Grade 11 (Heineman Publishers) 2006
Frick, N. et al, *New Africa History*, Grade 11 (New Africa Books) 2006
Grundlingh, A. et al, *Turning Points in History*, Book 4 (STE Publishers) 2004
Hugo, P. et al, *History Grade 11* (Nasou Via Afrika) 2006
Pimlott, T. et al, *Stalin's Russia 1924 − 39* (MacMillan Education Ltd) 1986